Curriebeker Week 6

Blou Bulle vs Griekwas

Op Loftus in Pretoria het die Blou Bulle met ‘n half dosyn rekrute skitterende rugby opgedis en laat die manne van Kimbeley behoorlik les opsê! Die Bulle wen die wedstryd met 44-20 en die oud Rustie losskakel teken 19 van die Bulle se punte aan wat ook ‘n puik drie insluit! Die Bulle het voluit rugby gespeel en die Griekwas kon nie al die gate toestop nie! Die nuwe jong lostrio van die Bulle het die grondslag van die oorwinning gelê met puik spel. Wynand Olivier was agterlangs die planmaker en het senioriteit gehandhaaf om die manne bymekaar te hou.

Sharks vs Luiperds

In Durban het die Haaie glad nie rugby gespeel wat toeskouers waarde vir hulle geld kon gee nie. Die manne van Durban sal wraggies waar hulle kousies moet optrek want die Leeus sal lekker smul as hulle die soort spel die eerskomende naweek gaan opdis. Die Haaie wen die wedstryd 23-3 nadat hulle rustyd maar met ses punte teen nul voorgeloop het. Die Luiperds het nooit gaan lê nie, en het maar baie foute begaan en is partykeer dalk darem te veel gestraf. Leon Boshoff het gal gebraak oor die manier waarop die skeidsregter die wedstryd hanteer het.

WP vs Leeus

In ‘n uiters spanningsvolle wedstryd is die manne van Jo’Burg hulle onoorwonne status kwyt en word geklop met 28-26 deur die Kapenaars. Die Griek met die kanonpoot, Demetri Catrakilis teken 23 van die WP se 28 punte aan en is welverdiend as die man van die wedstryd aangewys. Die mannetjie speel tans skitterende rugby en sal moeilik uit die stoel gelig word deur van die ander losskakels wat tans van hulle skete herstel. Gio Aplon het die lont aangesteek in die agterlyn toe hy opgebring is van die bank af en Tiaan Liebenberg het dieselfde verskil in die voorspelers gebring. Aan die kant van die Leeus het hulle amper ‘n groot terugslag gehad met die besering van die groot maanhaar Josh Strauss, wat weer vinnig op die been sal wees. Elton Jantjies het ook ‘n baie goeie wedstryd vir die Leeus op losskakel gehad en teken 16 van die Leeus se 26 punte aan.

Cheetahs vs Pumas

In Bloemfontein wys die Cheetahs tande en verslind die Pumas en druk in die proses 11 drieë en wen 80-16! Tewis de Bruyn wat in sy honderdste Curriebekerwedstryd speel, sal die een nie gou vergeet nie. Soos die Cheetahs Saterdag gespeel het lyk hulle onstuitbaar. Die Pumas het die hele seisoen nog al die spanne teen wie hulle gespeel het, harde bene laat kou, maar was nie opgewasse teen die manne van Bloem nie. Hulle is oordonder deur puik rugby en sal maar moet terug tekenbord toe.

Nag ou grote…

Drienasies 2011 Springbokke vs All Blacks

Die Bokke wen die wedstryd 18-5, maar sal wraggies baie beter moet speel in die Wêreldbeker-toernooi oor drie weke. Maar wat die Bokke se visie was, is gedoen; hulle het baie goed verdedig, die skrums was goed en die lynstane het vlot verloop.

Morné Steyn het ‘n welkome terugkeer gemaak en teken al die Bokke se punte aan met vyf strafdoele en ‘n puik skepskop. Die Kiwi’s het die verdediging agterlangs telkemale oopgevlek, maar met desperate verdediging is die manne in swart letterlik sentimeters van die Bokke se doellyn gestuit.

Die groot hoogtepunt van hierdie toets was ongetwyfeld die spel van Heinrich Brüssow. Hy het soos ‘n Trojaan in die los te kere gegaan en waardevolle balbesit vir die Bokke gewen. Agterlangs het Francois Hougaard as plaasvervanger vir Pat Almbie op die veld gekom en het heel skerp en honger gelyk vir rugby. Pat Lambie het op heelagter baie goeie spel gelewer totdat hy ongelukkig ‘n skouer besering opgedoen het en die veld moes verlaat.

Die All Blacks en die Wallabies speel die naweek in die laaste wedstryd van vanjaar se drienasies toernooi en sal bepaal wie die kroon gaan dra in 2011.

Groetnis dan tot die Wêreldbeker toe….

Bulle & Luiperds in Rustenburg!

Rustenburg/ Phokeng – Die Platinum Luiperds speel Vrydagaand in Phokeng (Rustenburg) teen die Blou Bulle in hul eerste tuiswedstryd op die Royal Bafokeng Sports Palace se veld.

Al drie die Luiperd-spanne is in aksie met die Onder 19’s wat omstreeks 15h00 afskop, die Onder 21’s om 17h05 en die hoofwedstryd om 19h10. Laasgenoemde twee wedstryde word regstreeks op Supersport uitgesaai.

Plaaslike skoolkinders van Laerskool Phokeng, Laerskool Rustenburg en Laerskool Vastrap sal die Bulle en Luiperds op die veld vergesel.

Die Puk se Siya Mdaka kry sy eerste kans vir die Luiperds wanneer hulle teen die Blou Bulle speel. Mdaka is in Victor Joubert se plek gekies, wat heeltemal uit die 22-tal weggelaat is. Whestley Moolman is ook weer terug in die span en Theo van Wyk is ook weggelaat uit die groep wat in Rustenburg speel. Op die bank kom die oud-Leeu Robert Kruger in terwyl Clayton Durand ook weer op die bank ingesluit is.

Kaartjies vir die wedstryd is by die Luiperd Rugbyunie, Computicket, Royal Bafokeng Sport se kantore en die Keg in Rustenburg beskikbaar. Kaartjiepryse is R50, R20 en R10.

Luiperds vs. Blou Bulle: George Tossel; Hoffman Maritz, Jovan Bowles, Joubert Engelbrecht, Wynand Willis; Wesley Dunlop, Whestley Moolman; Morné Hanekom ©, MB Lusaseni, Siya Mdaka, Bradley Mockford, Brendon Snyman, Stoof Bezuidenhout, Jacques Moller, BG Uys. Reserwes: Marius Fourie, Snoepie Coetzee, Roan van Heerden, Robert Kruger, Johan Laker, Hennie Skorbinski, Clayton Durand

Masilo wins Spur Series

Mafikeng: Benett Masilo emerged as the winner of the recently held Arrow Creek Spur Series with 111 points while Tjaart Viljoen was the runner-up with 106 points in an event that well supported and organised.

The Canon Golf Day held on Saturday was won by Fouche Botha who got 38 points while both Johan Muller and Johan Jonch were runners up with 36 points each.

A Meat Golf Day with a R500 meat hamper is up for grabs on Saturday August 27 and is followed on September 3 by the Mafikeng Cricket Club Golf Day. This will be followed by The Big Ox, Coastal Hire Golf Day on September 10 with prize money of R25 000. The Mafikeng Rugby Club will also be hosting a golf day on 17 September, 2011.

Welcome Back!

Rustenburg/ Phokeng – Shihan Chris Seabelo, brother to Sports Development Director at Royal Bafokeng Sports, Ezzy Seabelo (2nd Dan) graduated during the intensive International Grading held on Wednesday, 17 August 2011 in Thailand, during the World Karate Shoto Cup.

This makes him one the youngest karateka with such a high karate qualification in the North West Province as well as South Africa – 6th Dan Karate Black Belt. He achieved this honour after 27 years of durable preparation and hard work in the art of Martial Arts. He has also participated in numerous national and international championships.

Royal Bafokeng Sports together with the Department of Sport, Arts and Culture in the North West sponsored the following individuals to participate at this high level event to represent South Africa;

- **Kelebogile Pooe**
- **Olebogeng Kgwebane**
- **Koketso Miya**
- **Shihan Chris Seabelo**